

16 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 119:129-152
Fokusgedeelte: Psalm 119:133, 143

Staan vas teen verkeerde invloede

Daar is feitlik elke dag ander mense wat ons beïnvloed. Sommige mense beïnvloed ons ten goede en ander weer ten kwade. Kom ons leer saam uit die Here se Woord wat ons optrede behoort te wees wanneer mense ons ten kwade probeer beïnvloed.

Mense wat ons graag tot sonde wil verlei, is dikwels die mense wat naby ons lewe – maats, ander gesinslede, familie of mense wat saam met ons werk: “Kom drink saam tot dit regtig lekker word.” “Kom saam na die klub met die ontkleedanseres.” “Probeer hierdie ‘drug’.” “Vertel nog ’n rowwe grap.” Hoe gaan ons vandag optree teenoor die verleidelike stemme wat ons hoor?

Psalm 119 gee vir ons leiding. Die digter is tussen goddelose en slegte mense. Hulle het geen respek vir God en sy Woord nie. Tog laat hy hom nie deur hulle beïnvloed nie. Vol geloof roep hy uit: “Al oorval angs en benoudheid my, in u gebooie bly ek my verlustig” (vs 143).

Staan vas wanneer ander jou vandag tot sonde wil verlei. Moenie vergeet nie dat dit ten diepste Satan is wat jou graag wil sien struikel en val. Weerstaan die versoeking met ’n warm liefde vir die Here en sy Woord. Weerstaan dit met ’n vaste wil en die nodige selfbeheersing om die opdragte van die Here te gehoorsaam. Weerstaan dit deur ’n vurige gebedslewe en ’n lewe onder beheersing van die Heilige Gees.

Bid vandag nog die woorde van vers 133: “Laat u woord my op die regte pad hou; moet tog nie dat enige kwaad die oorhand oor my kry nie.”

Sing: Skrifberyming 43:2

Ds. L du P van der Vyver (Silverton)